

APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGS VERENIGING

Posbus 910-631, Pyramid, 0120, Hoewe 5, Roete 101, Waterval Selnommer 084 952 2882

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING WAT GEHOU IS OP 28 MEI 2016 **TE LUDWIG'S ROSE, HAAKDORINGLAAGTE**

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter, Jan-Piet Cooks, heet almal welkom en open met gebed.
Almal teenwoordig word versoek om die presensielys te teken.

2. TEENWOORDIG

Soos per aangehegde lys.

3. VERSKONINGS

Marie Pathudi
Mari Wiese
Gert Swanepoel
Gert Herbst
Jaco Britz
Kobus du Toit
Jörg Schultz
Kobus Venter
Barend van der Merwe
Debbie Smit

4. LIEF EN LEED

Geboortes: de Beer - dogter
Venter - seun
van der Walt – seun
Baie hartlik geluk aan die gesinne.

Hospitalisasie: Ans Dorfling
Peet Dorfling
Lidia Breedt
Joey Heck
JP Botha – arm gebreek

Sterftes: Brenkman - kleinkind(verdrink)
Kramer – Moeder oorlede
Johan van Aard
Oosthuizen – Sumi se Ouma oorlede
Frans von Below

Ons innige meegevoel aan die gesinne.

5. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN 15 AUGUSTUS 2015

Die Notule van 15 Augustus 2015 word goedgekeur deur die vergadering. Voorgestel deur Peet Dorfling.
Gesekondeer deur Chris Breedt

6. VASSTELLING VAN AGENDA

Die agenda word vasgestel en die volgende punte word bygevoeg:

6.1 Bedankings deur Ans Dorfling

7. SAKE VOORTSPRUITEND

7.1 Voorsittersverslag (Jan-Piet Cooks)

Die Voorsitter bedank alle borge wat deur die afgelope jaar bygedra het tot die BBV: Ludwig's Roses; Pieter Bier busdienste; Pieter de Beer fotografie: Nist; Petronella Hardware; Bon Accord (BA)Spar; BA Drankwinkel; BA Build It; BA Sentrum; Jost Projects; Muriel; Wildfire; Shalom Lodge; OJ Bricks; Thunderflex en Sinoville Nissan.

Naam van Vereniging

Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging

Datum van stigting

18 Junie 2005

Datum van Registrasie en registrasienommer

27 Maart 2006 Reg. No 1742/01

Grootte van gebied

68 000 ha

Grense van gebied

Noord: Net voor Hammanskraal en Boekenhoutskloof grondpad

Suid: Bo-op die Magaliesberg

Oos: N1 Snelweg en Wallmannsthal grondpad

Wes: Mabopane snelweg

Bestuur : Tans bestaande uit die volgende lede:

Uitvoerende Komitee:

Voorsitter:	(Alpha 1)	Jan-Piet Cooks
Ondervoorsitter:	(Alpha 2)	Vakant
Sekretaresse:	(Alpha 3)	Vakant
Tesouriere:	(Alpha 4)	Joey Gerber
Addisionele Lid	(Alpha 5)	Eugene Janse van Rensburg
Brand Beskermings Offisier:		Japie Lengoabala

Breë Bestuur:

Gekoöpteerde Brandhoof	(Bravo 1)	Chris Breedt
Gekoöpteerde Noodhulphoof	(Bravo 2)	Debbie Smit
Logistiekehoof	(Bravo 3)	George Esterhuysen
Gekoöpteerde Kommunikasiehoof	(Bravo 4)	Pieter Oosthuizen
Administrasie en Koördinerings	(Charlie 1)	Tarien Cooks
	(Charlie 2)	Marius Müller

Tshwane Stadsraad bydrae

Toerusting:

- 1 x Waterkarretjie – 1000L
- 4 x Waterkarretjies – 500L elk
- 2 x Jerry kanne vir addisionele brandstof – 20L elk

Bystand en Ondersteuning. Goeie samewerking tussen die BBV en Tshwane Brandweer se operasionele afdeling die afgelope jaar.

Hoogtepunte

Toerusting is versprei tussen Waterval, Vasfontein, Grootvlei en Lusthof. Brandbestryding en koördinerings verbeter. Daar was ongeveer 350 brande gedurende die jaar en samewerking van alle partye was goed. Kommunikasie met Tshwane Brandweer is ook verbeter as gevolg van Bravo 1 se betrokkenheid. Die Voorsitter verduidelik omstandighede rondom die uitreik van brandpermitte, waar weersomstandighede die primêre rol speel.

Uitdagings

- Die publiek is traag om betrokke te raak.
- Voorbrande is van kardinale belang ter beskerming teen brande.
- Metro Polisie help met wetstoepassing.
- Die BBV se doel is nie om brande te blus nie, maar eerder as koördineerder tydens 'n brand situasie en die daarstelling van toerusting om brandbestryding te vergemaklik.
- Borde is aangebring met noodnommer. Kennisgewings word uitgestuur.
- Tshwane het 4 x brandkarretjies onttrek vir diens.
- Die stadsraad het nie genoeg voertuie en toerusting nie. Dit blyk of politiek en geld 'n groot rol speel hierin
- Wetstoepassing van polisie is nog nie wat dit moet wees nie. Daar moet groter bewusmaking plaasvind ten opsigte van veldbrande.
- Daar is tans geen ongevalle/regsdekking vir lede wat betrokke is by bestryding van brande nie. Daar word egter nou saamgewerk met Afriforum wat help daarmee.
- Nie alle brande word aangemeld nie, veral waar 'n perseel nie bewoon word nie.
- Lede kry geen vergoeding vir hulp verleen nie – t.o.v. gebruik van eie voertuie, ens.
- Daar word dikwels van die BBV bestuur verwag om brande te blus en die bestuurslede is in elk geval diegene wat betrokke is. Die BBV gaan wel uit na brande om waar te neem en verspreiding te verhoed totdat die brandweer kan opdaag.

7.2 Finansies (Joey Gerber)

Finansiële state: Botha Rekenmeesters word tans gebruik. Die vergadering bevestig die gebruik van Botha Rekenmeesters op permanente basis. Voorgestel deur Marius Müller; gesekondeer deur Ans Dorfling.

1 April 2015 tot 31 Maart 2016
Inkomste: R56 323.00
Uitgawes: R47 000.00

Joey verduidelik die probleme rondom ledegeld, wat tans R300 per plot ≤50ha beloop. Die rekeninge word per e-pos uitgestuur, daar die pos stelsel nie goed werk nie. Lede stuur nie veranderde informasie (adresse) deur nie, wat aflewering van rekeninge bemoeilik. Ledegeld moet teen 30 Junie betaal wees, anders verval die lidmaatskap en kan geen hulp van die BBV verwag word nie.

Daar is 'n Bedford trok aangekoop gedurende die jaar, wat weer verkoop is, aangesien die herstelkoste te hoog sou beloop.

Tot op hede het 134 lede betaal, waarvan 20 nuwe lede is. Die BBV het tans 221 lede. Die hoop word uitgespreek dat daar nog nuwe lede sal aansluit. Borge vir lede word waardeur. Dit word aangewend vir lede wat in daardie jaar nie kan ledegeld bybring nie. Die bestuur neem 'n ingeligte besluit oor wie geborg sal word.

Begroting:

Borge is bewerkstellig vir die Nissan Patrol wat op hierdie dag bekendgestel is. Die bakkie is deur Bakwena gekoop as deel van hulle ledegeld verskuldig. Daar word begroot vir die Onderhoud, Versekering en 'verpligte' C-Track (as gevolg van verskillende bestuurders van die voertuig)
Die Vodacom kontrak is gekanselleer en op vooropbetaalde (“prepaid”) stelsel geplaas. Die doel is uitsluitlik om kostes te bespaar, aangesien lugtyd baie gedurende die brandseisoen gebruik word, maar feitlik gladnie buite die seisoen nie.
Brand toerusting is in 2015 gediens en sal weer na die huidige brandseisoen gediens word. R40 000 word begroot vir Nissan Patrol, wat nou gebruik sal word by brande. Alle skade of herstelwerk en dienste moet deur die BBV gedra word.
Radios wat BBV eiendom is, moet soms herstel word.
Ander items op begroting:
Brandstof,
Verversings by vergaderings,
Blyke van meegevoel (blomme) tydens afsterwe van lede/familie.

Die Finansiële state word deur die vergadering goedgekeur.
Voorgestel deur Pieter Oosthuizen.
Sekondant : Willy Jacobs

Die Begroting word goedgekeur.
Voorgestel deur Christo Ayres.
Sekondant: Chris Breedt

Die tesouriere gee weer betaalpunte deur: Alpha 4 – Joey Gerber in Lusthof
Bravo 3 – George Esterhuyse in Grootvlei
Bravo 4 – Pieter Oosthuizen in Waterval

Lede kan ook (verkieslik) direk by die bank inbetaal of 'n EFO doen.
Die verwysing is belangrik en kan of die straatadres, lidnommer of faktuurnommer behels.
Lede wat kontant betaal moet aandring op 'n kwitansie.

4.

7.3 Brande (Chris Breedt)

April 2013 – Maart 2014 Veldbrande:	358
April 2014 – Maart 2015	253
April 2015 – Maart 2016	345

Ander brande: Huis wat afgebrand het in Bultfontein. Chris bedank die lede vir groter paraatheid.

Chris verduidelik dat 'n brand/vuur suurstof soek en in die proses sy eie suurstof maak. Dit veroorsaak 'n dwarrelwind wat die vuur tot 100m kan versprei.

Brandpaaie moet volgens wet ten minste 2,5m wees. 3m is beter en Peet stel voor dat dit dan ook weerskante van die grensrade moet wees. 'n Brandvoertuig moet gemaklik kan beweeg en alle klippe en bosse moet dus verwyder wees.

Maniere om brandpaaie te maak:

Ploeg om en verwyder alle brandbare materiaal;

Sny kort of spuit Molasse sodat vee die gras kan vreet;

Spruit gif wat gras laat doodgaan in die somer.

Geen Asgate mag gebrand word nie. Dit is die grootste oorsaak van veldbrande.

Brandpermitte is uiters noodsaaklik en die weer moet dopgehou word. Tarien dui daarop dat beplanning nodig is en dat daar gesorg moet word dat toerusting byderhand is vir vinnige optrede ingeval van 'n wind wat skielik opkom. Geen permitte word uitgereik vir die brand van asgate nie. Lede het ook toegang tot die BBV se toerusting. Brandpermitte is **4dae** geldig, waarna heraansoek gedoen moet word.

Die BBV Bestuur het geen verpligting om brande te blus nie, of voorbrande te maak nie.

Brandgevaar waarskuwings word gereeld op die whatsapp groepe deurgegee.

Jan-Piet verduidelik dat Tshwane se bywette 'n 5m brandpad vereis, wat heelwat kapsie uitgelok het. Die N1 het bv. 'n 20m brandstrook, wat nie altyd 'n brand stop nie. Soms stop 'n brand by 'n voetpaadjie, dus gaan die brandpad nie daaroor om die brand te stop nie, maar eerder om toegang te verleen aan die brandvoertuie en om 'n punt te skep waar teenbrande gemaak kan word.

Die Wet op Bos-en Veldbrande hou die persoon verantwoordelik vir die eiendom, hetsy dit die eienaar, bestuurder, bank, ens., is, aanspreeklik. By elke brand is daar 'n gesagstruktuur wat geld om orde te verseker.

Pieter verduidelik ook dat die BBV nie 'n veiligheidsinstansie is nie, hoofsaaklik vir bystand.

Jan-Piet stel dit duidelik dat die BBV slegs die gesag het by 'n brand totdat hoër gesag opdaag.

7.4 Noodhulp (Dr Debbie Smit)

Aangesien die Noodhulphoof, Debbie Smit, verskoning moes maak, staan Tarien in met 'n kort verslag. Die Noodhulphoof is slegs daar vir uiterste nood beserings – om te stabiliseer. Sy neem nie die plek van ambulans- of hospitaaldienste in nie.

Noodhulp opleiding word beplan vir die jaar en datums sal deurgegee word. Daar word versoek dat Dr. Smit se privaat tyd gerespekter sal word.

7.5 Logistiek (George Esterhuyse)

Toerusting wat uitgeplaas is:

BBV 1	Bakkiesakkie Duikerstraat, Waterval
BBV 2	Bakkiesakkie Waterbokstraat, Waterval
BBV 3	Bakkiesakkie Hamerkop, HNK
BBV 4 500L	Karretjie Tambotie, Grootvlei
BBV 5 1000L	Karretjie Denneboom, Vastfontein
BBV 6 500L	Karretjie Bultfonteinpad, Vastfontein
BBV 7	Bakkiesakkie Hotellaan, Lusthof
BBV 8 500L	Karretjie Njalastraat, Waterval
BBV 9 500L	Afgeskryf
BBV 10 1000L	Karretjie Stadsraad afgeskryf
BBV 11 1000L	Karretjie Stadsraad afgeskryf
BBV 12 500L	Karretjie Jakaranda, Grootvlei
BBV 13 500L	Karretjie Olyfboom, Vastfontein (tydelik)
BBV 14 1000L	Karretjie Dikbas, Grootvlei
BBV 15 500L	Karretjie Haakdoornboom (Nie-lid)

Die bestuur (nl. Bravo 3) moet te alle tye kennis dra waar waetjies gebruik word en deur wie.

Net BBV lede word toegelaat om toerusting te gebruik.

Daar is 4 waentjies teruggetrek en afgeskryf deur die stadsraad.

Jan-Piet noem ook 'n brandeenheid wat geneem is in Patrysstraat, Höningneskrans en nie terugbesorg is nie. Tegnies is die eenheid dus gesteel omdat Bravo 3 nie in kennisgestel is nie. Dit is groot skade vir die BBV en tel ook teen die vereniging by die stadsraad. Beheer oor die toerusting is van kardinale belang.

7.6 Kommunikasie (Pieter Oosthuizen)

- Romeo 2: Bestuurders van voertuig m.b.t. Radio – persone moet eers hul eie roepsein gee en dan R2VK. Daar word be-oog om ook 'n R1VK aan te skaf voor die einde van die jaar.
- Tolhekke: Bakwena is aangespreek jeens R160 000 agterstallige ledegeld. Die maatskappy het R2VK aangekoop vir die BBV. Daarbenewens is ooreengekom om die tolhek by Waterval – Wallmannsthal oop te stel tussen 06h00 en 07h00 sodat verkeer beter kan vloei.
- Radios: Daar is tans 182 roepseine. 15 is nie toegeken nie. 56 lede het die gebied verlaat. 23 stasies is onbetaald en het roepseine verbeur. Nuwe lede word telkens oor die radio voorgestel. Daar word benadruk dat 'n persoon lid van die BBV moet wees om 'n radio te gebruik wat deel is van die stelsel. Daar het 14 nuwe lede die afgelope tyd bygekom.
- Die Bestuur het 'n vergunning gegee dat huurders wel radios mag hê, mits die eienaar lid is van die BBV. Alle radios wat bo 29Mhz is, moet gelisensieerd wees. Die BBV lede gebruik 67Mhz radios en kostes is gekoppel aan die BBV.
- Pieter vra ook dat lede gereeld aan die radiotoetse deelneem en nie namens 'n ander lid nie. Lyste met kontakbesonderhede word uitgestuur. Die informasie is belangrik en opdatering moet dadelik gedoen word indien informasie verander.
- Kode R: Daar word versoek dat Kode R deurgegee word aan die toetsers wanneer 'n lid vir drie(3) dae of langer nie die radiotoets kan meemaak nie. Sodra die lid weer kan inskakel, word daar versoek om weer geroep te word. Pieter vra dat die toetsers gerespekteer sal word vir die tyd wat hulle afstaan.

- Daar word 'n versoek gerig vir huurders om radios te kan gebruik. Eugene JvRensburg stel voor dat daar 'n fooi van R100 per jaar gehef word. Peet Dorfling sekondeer en dit word aanvaar deur die vergadering.
- Pieter stel die toetsers teenwoordig, aan die vergadering voor: D52 – Ricardo Jacobs; O2 – Michiel Cooks; A4 – Joey Jacobs.

7.7 Jeugaangeleenthede (de Villiers Cooks en Xanthé Jacobs)

De Villiers en Xanthé poog om die jeug meer betrokke te kry, daar hulle die leisels moet oorneem in die toekoms. Daar word 'n “High Tea” beplan vir die senior burgers en ook 'n Lentedans. Trofees word deur Pieter aan die junior bestuurslede oorhandig.

7.8 Koördinerings

Marius behartig tans die noodfoon. Lede word versoek om geduldig te wees aangesien daar soms baie oproepe deurkom en die koördinerings tussen radio, noodfoon en dienste tyd neem. Lede word versoek om **geen** noodversoeke op whatsapp deur te stuur nie. Whatsapp word nie as dringend beskou nie. Operasionele vergaderings word beoog in verskillende areas. Koördinerings van brande is belangrik. Dit word waardeur dat lede kom help tydens die brande, maar daar word benadruk dat daar dissipline moet wees. Lede moet ingelig word om nie onnodig by brande op te daag en dan nie kan help nie. Toeskouers bemoeilik die taak van die brand bestryders. Prosedure by 'n brand moet streng toegepas word. Lede moet ook sorg dat al die informasie korrek is en vorms moet reg ingevul word, sodat die BBV ook lede in kennis kan stel van gebeure.

7.9 Grondwet – veranderinge

Eugene JvRensburg help met die bewoording van die Grondwet.

- 10.1.2 sê tans: “ Enige lid van die BBV is geregtig om van alle voordele van lidmaatskap gebruik te maak” Dit sal verander word na “Enige lid van die BBV is geregtig om van alle voordele, binne die reëls wat van toepassing is, binne voorskrifte van die bestuur, gebruik te maak” Die doel ten opsigte van R2VK is, dat enige persoon wat toegelaat word om die voertuig te gebruik, verantwoordelik gehou sal word. 4 x 4 opleiding sal derhalwe gegee word aan moontlike bestuurders en sodoende sal die bates beter beskerm word.
- Voorgestel deur Chris Breedt Gesekondeer deur Stephan. Aanvaar deur die vergadering.
- 19.3 Die oorspronklike grondwet sê: “n kworum vir die Algemene Jaarvergadering, is vyftig(50)% plus een(1) lede”. Aangesien te min lede die vergaderings bywoon, word dit verander na “n kworum vir die Algemene Jaarvergadering is die lede wat teenwoordig is en wie se ledegeld op datum betaal en in goeie stand is, het stemreg”.
- 19.4 en 19.5 word dus niksseggend en uit die grondwet verwyder. 19.6 word dan 19.4
- Voorgestel deur Stephan Gesekondeer deur Oom Hendrik. Aanvaar deur die vergadering.
- 21.1 sê “Indien daar enige dispuut tussen lede is, moet die lede met mekaar onderhandel om die dispuut op te los”. Dit kan dus enigiets insluit soos honde, kraaie of heinings. Die bewoording word dus verander na “Indien daar enige dispuut tussen lede, met betrekking tot die Brandvereniging is, moet die lede met mekaar onderhandel om die dispuut op te los”.
- Voorgestel deur Chris Breedt Gesekondeer deur Patrick Gerber. Aanvaar deur die vergadering.

7.

7.10 Nuwe Sake

- Tydens die vorige vergadering is gepraat oor die verskansing van bates. Eugene het na moontlikhede gaan kyk, hetsy Maatskappy, Trust of om saam met die SBBV in te skakel. Daar is eenstemmig besluit om 'n Trust te stig sodat 'n eie trustakte opgestel kan word en beheer uitgeoefen kan word oor bates. Bestuurslede sal as trustees optree. Bates sal oorgeplaas word saam met skenkings na 'n trustfonds. Die trust behoort teen die einde van die jaar in plek te wees.
- Voorgestel deur Eugene Janse van Rensburg Gesekondeer deur Stephan.
- Die bates sal oorgedra word aan die trust met ooreenkoms dat BBV die bates ten doel sal gebruik.
- Voorgestel deur Peet Dorfling Gesekondeer deur Detlef.

7.11 Verkiesing van vakante Bestuursposte

Die vergadering verkies Eugene Janse van Rensburg as onder Voorsitter.

Andriette Jacobs word as sekretaresse verkies.

Peet Dorfling word as Addisionele lid eenparig verkies.

Debbie Smit word gekoöpteer as Noodhulphoof. Voorgestel deur Stephan en gesekondeer deur Oom Hendrik.

Xanthé Jacobs word as bestuurslid vir die jeug bevestig. Voorgestel deur de Villiers Cooks Gesekondeer deur Christine Walters.

7.12 Bedankings – Ans Dorfling

Ans bedank die Bestuur vir alles wat die afgelope jaar vermag is.

Joey, vir die bestuur van die Finansies. Tarien vir haar tyd en hulp en elke lid van die bestuur vir hulle onderskeie bydrae en bereidwilligheid om die BBV te laat vloei.

Lede word gevra om die bestuur te ondersteun en die BBV te adverteer.

Christa Immelman word bedank vir haar hulp met administrasie.

Die voorgestelde datum vir die volgende Algemene Jaarvergadering is 1 Julie 2017.

Jan-Piet Cooks bedank alle lede teenwoordig en verdaag die vergadering.

Hierdie Notule is goedgekeur op

Geteken:

Voorsitter.....

Sekretaresse.....